

19. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

Josef se kleed - Genesis 37:1-11

'n Pa moenie een kind liever hê as die ander nie, want dan trek hy daardie kind voor. Dis presies wat Jakob gedoen het. Hy het sy seun Josef liever gehad as sy elf ander seuns. Hulle het dit ook geweet, want Jakob het altyd iets spesiaals vir Josef gedoen.

Die ander seuns het jaloers geraak op Josef. Hulle het niks van Josef gehou nie.

Wanneer Josef sy broers gehelp skape oppas het, het hy altyd vir sy pa kom vertel van alles wat sy broers verkeerd gedoen het. Al het hy die waarheid gepraat, het sy broers hom nog meer gehaat hieroor.

Eendag het Jakob vir Josef 'n mooi kleed met lang moue gegee. Dit het gewys dat sy pa gedink het hy is belangriker as sy broers. Sy broers het hom nog meer gehaat toe hulle dit sien.

Toe Josef vir sy broers vertel van twee drome wat hy gehad het, het alles nog erger geword. Hy het vir sy broers gesê: "Ek het verlede nag gedroom ons is besig om koring te sny op die land. Ons het gerwe gebind. Skielik het die gerf wat ek gebind het, regop gaan staan. Julle gerwe het voor myne gebuig." Sy broers het geantwoord: "Jy sal jou wat verbeel! Dink jy miskien jy is ons koning?" Van toe af het hulle nog minder van Josef gehou.

In die ander droom het hy gesien hoedat die son, maan en elf sterre voor hom neerbuig. Dit het beteken dat sy pa en sy broers eendag voor hom sou buig. Tot Jakob was hierdie keer vies. Hy het gesê: "Dink jy nou regtig ek en jou ma en jou broers moet voor jou buig?" Jy kan dink hoe sy broers Josef nou gehaat het.

19. Josef se kleed – Genesis 37:1-11

Inleidende aktiwiteit: Bring jou gunsteling

Vra vir elke lid in die gesin om hulle gunsteling speelding/boek/kos/item in die huis te gaan haal en saam te bring na waar julle Bybelstudie hou. Wys vir mekaar wat julle gebring het.

Vra:

- Hoekom is dit wat jy saamgebring het jou gunsteling?

Daar is niks daarmee fout om 'n gunsteling pop of boek te hê nie, maar dit is nooit 'n goeie ding om gunsteling te hê wanneer dit by kinders kom nie. Jakob het 12 seuns gehad, maar hy het een liever gehad as die res. Kom ons vind uit wie dit was.

Lees nou saam die Bybelstuk – Josef se kleed

Vrae:

1. Hoeveel seuns het Jakob gehad? (12)
2. Wie was sy gunsteling? (Josef)
3. Het Josef se ander broers van hom gehou? (Nee)
4. Wat het Jakob vir Josef gegee? ('n Mooi kleed met lang moue.)
5. Wat het Josef gedroom? (Josef se broers se gerwe buig voor syne. Die son, maan en elf sterre buig voor hom.)
6. Hoe het Josef se broers gevoel nadat hy hulle vertel het van sy drome? (Hulle het hom nog meer gehaat.)

Aktiwiteit: Kom ons dink gou weer aan almal wat in ons vandag van in die storie gehoor het. As ek die mense in die storie noem, dan moet julle 'n gesig maak wat wys hoe julle dink hulle gevoel het. Is julle reg?

- Maak 'n gesig om te wys hoe Jakob oor Josef gevoel het
- Maak 'n gesig om te wys hoe Josef gevoel het toe Jakob vir hom die spesiale kleed gegee het?
- Maak 'n gesig om te wys hoe Josef se broers oor hom gevoel het.
- Maak 'n gesig om te wys hoe Josef dalk kon gelyk het toe hy sy twee drome vir sy broers vertel het.
- Maak 'n gesig om te wys hoe Josef se broers gevoel het nadat Josef die drome aan hulle vertel het.

Gebedsgids:

- Vra God om julle familie te seën en te help om mekaar altyd lief te hê.

